# LITURGIESE BESINNING T.O.V. DOOP- EN NAGMAALEREDIENSTE

M. J. DU P. BEUKES

**INLEIDING:**

Hier gaan dit hoofsaaklik om die aard, doel, vorm en metode van bg. eredienste. Die algemene kenmerke van 'n erediens nl. dat dit bestaan uit twee hoofmomente: spreke en handelinge van God deur sy sigbare en onsigbare Woord en antwoord van die gemeente deur belydenis, gebed en sang, sal in hierdie eredienste ook gestalte moet aanneem.[1]) Alles in die erediens wat bg. twee karakteristieke nie dra nie, hoe goed of mooi dit ookal mag lyk of klink, sal uit dié eredienste verwyder moet word.

Drie voorwaardes wat kenmerkend is vir 'n verantwoorde liturgie sal hier ook moet geld. (a) In verantwoordelikheid aan die Heilige Skrif. (b) In gemeenskap met die kerk van alle eeue en (c) In verantwoordelikheid aan die hede . . .[2]) Onmoontlik is dit om in hierdie studie 'n volledige oorsig van al die bg. te gee. Slegs hoofmomente sal gevolglik aangestip word.

Voorts moet daarop gelet word dat die kerk se liturgie nie sondermeer uit die lug gegryp is nie. Die liturgie van die kerk word in 'n baie groot mate bepaal deur die kerk se dogmatiese opvattings.[3]) Dit sal daarom nodig wees dat saam met die Nuwe Testamentiese gegewens ook enkele dogmatiese opmerkings gemaak word.

## I. DIE DOOP

### A. NUWE TESTAMENT EN DOGMATIESE GEGEWENS:

Opvallend is dat by nie een van die dooptekste in die Skrif 'n volledige beskrywing en verklaring van die doop en sy betekenis gegee word nie. Op die oog af lyk dit dus of die doop as 'n bekende verskynsel in die oer-gemeentes veronderstel word.[4])

Die oorsprong van die doop is in Jesus Christus self geleë, in sy dood en opstanding. Hyself gee ook die opdrag om te doop. (Matt. 28:19, Mk. 16:15 en 16). Die opdrag om te doop is nie 'n losstaande bevel nie, maar 'n taak wat volgens die doopbevel moet geskied in die nouste samehang met die prediking. Dat die apostels dit so verstaan het, blyk duidelik uit die doopberigte in die Nuwe Testament. (Hand. 2:14-41, 8:26-38, 10:34-48, 16:13-15, 16:31-33, én 19:1-5). Nie in een van hierdie gevalle is die doop bedien alvorens die evangelie nie eers aan die betrokkenes verkondig is nie. 'n Skeiding van doop en evangelieverkondiging het die Reformatore ook volstrek afgewys. Woord en sakrament gaan altyd saam: „Wasser tuts Freilich nicht . . .; den ohne Gottes Wort ist das Wasser schlecht Wasser und keine Taufe, aber mit dem Wort

Gottes ist es eine Taufe . . ."[5]) Volgens Calvyn bestaan 'n sakrament „uit het woord en het uiterlijk teken".

Die doop geskied in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. (eis tō onoma . . . Matt. 28:19). Behalwe hierdie doopformule word ook nog ander aangetref. Ons vind bv. die uitdrukking „op die Naam van Jesus Christus" (Hand. 2:38 epi tō onomati) „tot die Naam van die Here Jesus" (Hand. 8:16, 19:5 eis tō onoma) en „in die Naam van Jesus" (Hand. 10:48 en tō onomati). G. de Ru het tereg na 'n volledige grammatiese ontleding tot die konklusie gekom dat die verskillende voorsetsels nie iets anders wil sê nie. Dit wil dieselfde saak verwoord nl. dat die dopeling in 'n bepaalde relasie tot die drie-enige God gestel word.[7]) Volgens prof. J. I. de Wet gee die trinitariese doopformule aan ons 'n omskrywing van die feit dat die heil van die drie-enige God aan die dopeling toegesê en verseël word.[8]) Die doop betuig en verseël aan ons die afwassing van ons sondes deur Jesus Christus. Die dopeling word ingelyf in die gemeenskap van Christus se dood en opstanding (Rom. 6:3-6). Dit betuig en verseël, „dat ek net so seker met sy bloed en Gees van die onreinheid van my siel, dit is van al my sondes gewas is (1 Pet. 3:21), as wat ek uitwendig gewas is met die water wat die onsuiwerhede van die liggaam wegneem".[9]) „As ons gedoop word in die Naam van die Vader dan betuig en verseël God die Vader aan ons dat Hy 'n ewige genadeverbond met ons oprig, ons tot sy kinders en erfgename aanneem . . ."[10]) As ons gedoop word in die Naam van die Heilige Gees dan verseker die Heilige Gees ons „dat Hy in ons wil woon en ons tot lidmate van Christus wil heilig deur tot ons eiendom te maak wat ons in Christus besit, naamlik die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwing van ons lewe".[11])

Nie alleen kom daar deur die doop 'n besondere relasie tot stand tussen die dopeling en die drie-enige God nie, maar ook tussen Hom en die gemeente van Jesus Christus. In 1 Kor. 12:13 lees ons: „Want ons is almal deur een Gees gedoop tot een liggaam." Prof. De Wet sê t.o.v. hierdie vers: „1 Kor. 12:13 laat die doop as 'n toevoeging tot die liggaam van Christus sien."[12]) Na die doophandeling wat beskryf word in Hand. 2:41 word gemeld dat 3 000 tot die gemeente toegevoeg is. Volgens beide verse is die toevoeging nie daad van die mens nie maar daad van God. Die dopeling ondergaan deur hierdie Godshandeling die feit dat hy toegevoeg word tot die kerk. Die Nederlandse Geloofsbelydenis (N.G.B.) artikel 34 sien die doop ook as die middel „waardeur ons in die kerk van God ontvang word en van alle ander volke en vreemde godsdienste afgesonder word om geheel en al sy eiendom te wees en sy merk en teken te dra". In die fundering van die kinderdoop sê die Heidelbergse Kategismus (antwoord 74) ook dat die kindertjies deur die doop in die Christelike kerk ingelyf word en van die kinders van die ongelowiges onderskei word.

Die doop word in die Nuwe Testament nie beskou as heilsnoodsaaklik nie. As dit so beskou is, sou die apostel Paulus (1 Kor. 1:16) hom nie verbly het dat hy slegs een gesin gedoop het nie. Die heil word nie gegee deur die doop nie maar deur die geloof in Jesus Christus. Die doop self is nie die afwassing van die sondes nie. „Alleen die bloed van Jesus Christus en die Heilige Gees reinig ons van alle sondes."[13]) Die reiniging vind nie plaas deur die uiterlike teken nie, „maar deur die besprenkeling met die dierbare bloed van die Seun van God."[14]) Aan die anderkant is die doop nie slegs 'n leë teken nie maar teken wat doen wat dit afbeeld, d.i. verkondiging[15]) wat inlyf in die gemeenskap van Christus en sy gemeente, wat waarlik versterk in die geloof.

Op verskillende plekke in die Nuwe Testament word doopplegtighede aan ons beskrywe. Die eerste vraag wat hier beantwoord moet word, is die vraag wie die doop ontvang het. Behalwe volwassenes blyk uit Hand. 2:39, 11:14, 16:15, 16:33, 1 Kor. 1:16, Kol. 12:11 en 1 Kor. 7:14 dat die doop op goeie gronde waarskynlik ook aan kinders bedien is. Die doopformulier ag dit noodsaaklik dat die doop ook aan die kinders van die gelowiges bedien moet word „aangesien die doop in die plek van die besnydenis gekom het". Die Heidelbergse Kategismus (vraag 74) fundeer die kinderdoop op die feit dat hulle net soos die volwassenes ook ingesluit is in die genadeverbond van God en dat Jesus Christus ook vir hulle sonde gesterf het. Die N.G.B. (artikel 34) sien die grond van die kinderdoop in die besnydenis en die weldade van Jesus Christus wat ook vir die kinders bestem is.

As voorwaarde vir die doop word die eis van geloof gestel (Mark. 16:15, Hand. 8:37 en 16:31) — egter nie geloof as sodanig nie, maar geloof in relasie met woordverkondiging. By die eerste Christelike gemeente is 'n sekere orde waarneembaar by die gang van die evangelie deur die wêreld. Die orde was Woordverkondiging — geloof — doop. (Vergelyk Mark. 16:16, Hand. 2:41, 16:14 en 19:1-16). Volwassenes wat uit die heidendom oorgekom het na die Christendom, het na verkondiging van die evangelie en belydenis van geloof die doop ontvang. (Hand. 8:35-38). I.v.m. die kinderdoop het 1 Kor. 7:14 gegeld nl. dat die kind geheilig is deur sy ouers se geloof. „Deur die geloof (beslissing) van die een ouer word die ganse gesin vir God opgeëis."[16]) Ook hier het seker gegeld dat die ouer voor doopbediening aan sy kinders dieselfde weg moes gaan nl. Woordverkondiging — geloof — sakrament. Luther stel dat die kinderdoop geregverdig is aangesien die ouers glo en daar by die kinders wel deur die werking van die Heilige Gees 'n „primitief, impliciet geloof"[17]) bestaan. Ook Calvyn sien die kinderdoop as volkome geregverdig aangesien die saad van die geloof ook voorkom by kinders wat uit gelowige ouers gebore is.[18])

Oor die vorm en metode van die doop word in die Nuwe Testament nie veel vermeld nie. Oor die algemeen word slegs vermeld dat persone gedoop is. Bepaalde verskynsels kom tog telkens voor by die bediening van die doop, so lees ons o.a. telkens dat die dopeling vervul is met die Heilige Gees — soms voor die doop, soms daarna, soms met handoplegging en soms daarsonder (Hand. 8:17, 10:44 en 19:6). Die feit dat die Heilige Gees soms meegedeel word sonder handoplegging en selfs voordat die doop nog bedien is, is bewys dat die Heilige Gees nie gebonde is aan die doop en die handoplegging nie. Tog betuig die gevalle waar die handoplegging voorgekom het dat die handoplegging nie 'n leë gebaar is nie. „Dit staan in verband met die gawe van die Heilige Gees en is 'n bedieningshandeling van die biddende gemeente."[19])

Die handoplegging saam met die ontvangs van die Heilige Gees is die uitdrukking daarvan dat die Gees self op die lewe van die dopeling beslag lê.

Die plek van die doopbediening word in die Nuwe Testament nie noukeurig beskryf nie. Die voorstanders van die sg. „nood- en huisdoop" gebruik dikwels die Nuwe Testamentiese gegewens tot bevestiging van hulle opvattings. Dit is wel waar dat nie vermeld word dat die doop bedien is in 'n kerkgebou of in 'n gemeente nie. Opvallend is dit dat slegs in een geval die doop bedien is waar slegs een persoon van die gemeente teenwoordig was. In al die gevalle waar die doop bedien is, kan egter gesê word dat die grootste gedeelte van die gemeente moontlik teenwoordig was. In elk geval is die doop nooit bedien sonder voorafgaande evangelieverkondiging nie. Geen noodsituasie het in een geval aanleiding gegee tot die bediening van die doop nie. In al die gevalle waar die doop bedien is, het dit geskied deur die wettige geroepenes van die kerk, met water, sonder enige konsekrasie formule.

Leonhard Fendt,[20]) na vermelding en bespreking van verskillende los elemente wat by die doopbediening voorgekom het, sê 'n doopliturgie sou in die Nuwe Testamentiese tyd plus-minus soos volg daaruit gesien het: —

(1) Doop en onderrig.
(2) Die vraag „Ti Kōluei" na aanleiding van Hand. 8:36 en 10:47.
(3) Geloofsbelydenis in die vorm van Matt. 28:19.
(4) Doper en dopeling gaan in die water in en daar word die dopeling gedoop met die aanroep van die Christusnaam.
(5) Beide kom uit die water.
(6) Die bedienaar lê die dopeling die hande op.
(7) Die „Polloi martures" (1 Tim. 6:12) neem die dopeling op in hulle midde.

B. **IN VERANTWOORDELIKHEID AAN DIE VERLEDE:**

Vanweë die geweldige hoeveelheid stof beskikbaar, en die lang periode wat hier gedek word, word slegs enkele hoofmomente aangetoon.

(i) **Die vroeë Christelike kerk: —**

In die **Didache (einde van eerste eeu) 7:1-4** word besondere vermelding van die doop gemaak. Die doop word hier trinitaries gefundeer en geskied in die Naam van die drie-enige God. Die doopverrigtinge verloop soos volg: —

(1) Onderrig aan die dopeling (7:1).
(2) Die dopeling vas twee dae voor die bediening (7:4).
(3) Soms vas die bedienaar van die doop en ander vrywillige gemeentelede saam (7:4).
(4) Die doop geskied in stromende water of as dit nie beskikbaar is nie in ander water (allo udōr). In lg. geval word die onderdompeling nie gebruik nie, maar word die hoof driemaal begiet (ekgein 7:2).
(5) Terwyl die doop bedien word, sê die doper „in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees (7:3).

**By Justinus Martyr (±165 n.C.)** tref ons feitlik dieselfde skema aan. Besondere melding word hier gemaak van 'n proses wat na die doopbediening plaasvind.
(1) Na die bediening van die doop word die dopeling na die versamelde gemeente gelei.
(2) Die gemeente bid vir die pas gedoopte.
(3) Die dopeling en die gemeente groet mekaar met 'n kus.
(4) Nagmaal word gevier.
(5) Die gemeente spreek na die verrigtinge die amen uit.

**Hippolytus van Rome (±220 n.C.)** het die verrigtinge rondom die doop nog verder uitgebrei:

(1) Daar word oor die doopwater gebid.
(2) Die dopeling ontklee hom.
(3) Die kinders word ook gedoop. (Die ouers antwoord op die vrae waar die kinders nog nie self kan antwoord nie.)
(4) Die dopeling gaan in die water in en die volgende vrae word aan hom gevra: —
(a) Glo u in God die almagtige Vader... (b) Glo u in Christus Jesus, die Seun van God, wat ontvang is van die Heilige Gees uit die maagd Maria en gekruisig is onder Pontius Pilatus, wat gesterwe het, begrawe is en op die derde dag lewendig opgestaan het uit die dode, opgevaar het na die

hemel en sit aan die regterhand van die Vader, vanwaar Hy sal kom om te oordeel die lewende en die dode, en (c) Glo u in die Heilige Gees, die heilige kerk en die wederopstanding van die vlees. Na elke vraag moes die dopeling antwoord „Ek glo". Na elke antwoord is hy eenmaal gedoop.

(5) Salwing met die olie vind plaas, terwyl die priester sê: — „Ek salf jou met die heilige olie in die Naam van Jesus Christus."
(6) Die dopeling kom uit die water en trek aan.
(7) Die dopeling tree die gemeente binne.
(8) Die biskop lê hom die hande op.
(9) Verskillende kruistekens word oor die dopeling gemaak.
(10) Die dopeling bid saam met die gemeente.
(11) Die dopeling en die gemeente kus mekaar.
(12) Die „Taufmesse" vind plaas.

In die vierde eeu tref ons nog oor die algemeen dieselfde tendense rondom die bediening van die doop aan as hy Hippolytus. Nuwe elemente wat vermeld word, is o.a.:

(1) Grondige ondervraging na die dopeling se vorige lewenswandel.
(2) Ten minste drie jaar kategese voordat die doop bedien kan word, aan iemand wat uit die heidendom na die Christendom oorkom.
(3) 'n Besondere wyding van die doopwater word by Tertullianus vermeld.
(4) 'n Gebed en oproep tot regte gesindheid tydens die bediening.
(5) Na die doopbediening neem die gedoopte direk deel aan Skriflesing, prediking en nagmaal.
(6) In die Apostoliese Konst. word die kinderdoop as plig gestel met 'n beroep op Matt. 19:13 e.v. (Baptisate umōn kai ta nypia Boek IV).

Geleidelik is allerlei vreemde elemente in die doopbediening ingevoer totdat in die Middeleeue volgens Lekkerkerker[21]) die dooppplegtigheid plus minus verloop het soos ons dit vandag nog by die Roomse Kerk aantref: —

(1) Intrede in die catechumenaat, geestelike voorbereiding, eerste ondervraging en onderwysing, belydenis van geloof, kruistekens en handoplegging.
(2) Toediening van sout. (Dit simboliseer die reiniging van die liggaam en gees en die verlening van onbederflikheid.)
(3) (4) en (5) Exorsisme, uitdrywing van die duiwel.
(6) Begeleiding die kerk in en opsê van die geloofsbelydenis, die Ons Vader, drievoudige afswering van die duiwel, opening van die ore en salwing met olie.
(7) Die eintlike bediening van die doop, voorafgaande deur 'n drievoudige ondervraging na die geloof, gevolg deur salwing en uitreiking van 'n wit kleed.

Wat die kinderdoop betref is dit teen die einde van die Middeleeue oor die algemeen bedien soos ons dit aanvanklik by Luther aantref: —

(1) **Inleiding:** — By die kerkdeur spreek die priester tot die dopeling en sy ouers: „Vaar uit jou onreine gees en gee plek vir die Heilige Gees."

(2) Kruistekens word gemaak oor die dopeling se voorhoof en bors.

(3) Gebed volg.

(4) Toediening van sout. „N. neem die sout van wysheid wat jou help tot die ewige lewe." Amen. „Wees vervul met vreugde."

(5) Die sondvloed-gebed.

(6) Die priester lê die dopeling die hande op en bid saam met die ouers die Ons Vader.

(7) Die priester smeer spuug aan die ore en neus van die dopeling terwyl verskillende formules uitgespreek word.

(8) Die kind word nou die kerk binnegebring terwyl die priester sê: „Die Here behoed jou ingang en jou uitgang van nou af tot in ewigheid."

(9) In die kerk doen die ouers belydenis van geloof en antwoord ja op die vraag of hulle die kind wil laat doop.

(10) Die priester salf die kind met heilige olie op sy bors en tussen sy skouers.

(11) Die kind word nou gedoop in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

(12) Weer salf die priester die dopeling met olie en trek hom 'n wit kleed (die „Westhemd") aan met die woorde: „Neem hierdie wit heilige kleed wat jou onbevlek sal stel voor die regterstoel van Christus."

(13) 'n Kers word nou oorhandig met die woorde: „Neem hierdie brandende fakkel en bewaar jou doop onbevlek sodat wanneer die Heer uit die hemel kom, jy Hom tegemoet kan gaan, en jy saam met die heiliges in die hemel sal kan ingaan en die ewige lewe besit." Amen.

Algemene tendense wat geldend was t.o.v. die doop was die volgende: —

(1) Geboortedag en doop moet so na as moontlik aan mekaar val.

(2) Gedurende die eerste tien eeue is die kinderdoop veral bedien in die nag van Pase of Pinkster.

(3) Tertullianus het bepaal dat daar elke Sondag en selfs daagliks gedoop kan word.

(4) Volgens Thomas Aquino werk die doop ex opere operato en word gesien as heilsnoodsaaklik.

(5) Die bediening geskied op drie wyses, onderdompeling (immersio), begieting (infusio) en besprenkeling (aspersio). Op die sinode van Worms 868 n.C. word verklaar dat die „immersio", „infusio" en „aspersio" van gelyke waarde is.

(ii) **Die Reformasie:** —

Die sentrale plek wat die Roomse Kerk aan die sakramente gegee het, is vervang met die prediking van die evangelie. „Alles Gottis diensts das grössist und furnempst stuck ist, Gottis Wort predigen und lernen".[22]) Sakramentbediening sonder prediking is gesien as 'n onmoontlikheid. Die liturgie moet vereenvoudig word sodat slegs die elemente wat noodsaaklik is, aangetref word in die erediens. 'n Dooporde van die gereformeerdes in Straatsburg 1522-1530 argumenteer die afskaffing van alle seremonies wat nie wesenlik tot die erediens is nie soos volg: „Olie, zalving en betoverd water gebruiken wij niet meer voor de doop; want wij hebben een vals vertrouwen in deze gebruiken bij de gemeente bevonden, terwijl zij alleen op Christus behoorde te vertrouwen."[23])

**Luther** was nie baie bekommerd oor die vorm van bediening nie. As die hoofsaak, nl. die Roomse dwaalleer verwyder is, is hy tevrede. Nieteenstaande hierdie uitspraak tref ons tog in 'n sekere sin vereenvoudiging by hom aan. Die aantal exorsismes word verminder, die gee van sout en salwing word weggeneem. Veral die gebede tydens die bediening het by hom besondere klem gekry.

By Zwingli het alle exorsismes verval, ook die uitdrywing van die duiwel en selfs die ondervraging na die ouers se geloof. Die enigste vraag wat aan die ouers gevra word, is: „Wil u, dat u kind gedoop word in die Naam van die Here, Jesus Christus?" Die sondvloedgebed, lees van die kinderevangelie en 'n kort vermaning aan die doopouers, kom wel voor.

Calvyn wil beslis met alle „oorbodige", soos dit voorkom by die Roomse Kerk wegdoen. Wat die vele gebruike rondom die doop betref, oordeel die outeur van ,La forme d'administer le baptême': Wat niet door God bevolen is, staat in onze vrijheid. Wat niet tot stichting dient, mag niet in de kerk worden toegelaten, en wanneer het dan toch is ingevoerd, dient het weer verwijderd te worden. Wat slechts daartoe dient om ergenis te wekken en een werktuig is van de afgodendienst en valse leerstellingen, mag geenszins geduld worden. Het is zeker, dat gewijde olie, kandelaren en ander dergelijke vertoningen niet door God zijn verordoneerd, maar zijn toegevoegd door de mensen. En uiteindelijk is het daartoe gekomen, dat men meer door deze dingen is geboeid en hun grotere eerbied heeft betoon dan aan de eingenlijke instelling van Jesus Christus. Wij hebben tenminste zulk een vorm van de doop die Jesus Christus heeft bevolen, de apostelen hebben onderhouden, de oergemeente

heeft gebruikt: en man kan ons niet anders verwijten dan dat wij niet wijzer zijn dan God zelf."[24])

Die volgende algemene tendense betreffende die doop tref ons by Calvyn aan: —

(1) Die onderwysing aangaande die betekenis van die doop neem 'n groot plek in. Hierdie onderwysing is gerig tot die ouers.

(2) Die handeling geskied in 'n erediens van die gemeente, want die doop is 'n „plegtige opname in die gemeente", en lg. moet ook getuie wees van wat daar gebeur.

(3) Alles moet gepreek word in die landstaal want die gemeente moet verstaan wat die vrug van die doop is.

(4) Die doop is 'n teken en simbool en nie 'n sakrament wat genade bemiddel nie.

Prof. dr. A. F. N. Lekkerkerker gee in sy boek „Gij Zijt Gedoopt" bl. 41 'n beskrywing van 'n doopliturgie wat in gebruik was in Zürich, Straatsburg, Genève, Londen, Emden en die Palts in die sestiende eeu. Dit verloop soos volg: —

„Die dienaar vra aan die ouers van die kind: Wil u dat die kind gedoop word in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Hulle antwoord: ja. Die dienaar: Daar dit in die doop gaan om die inlywing in die Christelike kerk, beloof u, dat sodra die kind die jare van onderskeiding bereik, hom te onderrig in die leer wat deur die volk van God aanvaar is, soos dit saamgevat is in die belydenis van die geloof, wat ons almal besit. Ek glo . . . (Apostoliese Geloofsbelydenis.) (In die uitgawe van 1542 volg dan 'n parafrase van hierdie belydenis waarop die ouers Ja antwoord.) Die lesing van die kinderevangelie uit Matt. 19. Die dienaar vra dan: Begeer u dus dat die kind gedoop word. Die ouers antwoord Ja.

Na hierdie „Ja" word die kind se naam genoem en word gedoop in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

Die *noodsaaklikheid* dat die gemeente en die ouers onderrig moet word aangaande die doop en moet instaan vir die verdere onderrig van die kind, het aanleiding gegee tot die ontstaan van verskillende doopformuliere. Die formulier om die heilige doop te bedien wat tans in gebruik is in die Ned. Herv. Kerk van Afrika is afkomstig uit die liturgie van die Palts, waarin die gebed oorgeneem is uit die liturgie van Zürich. Deur Dathenus is dit in Nederlands vertaal. Op die sinode van Dordt 1574 is dit aansienlik verkort.

**NOOD- EN HUISDOOP:**

Pas na die Hervorming het daar baie wanpraktyke t.o.v. die doop ontstaan. Baie ouers het gedink dat die doop noodsaaklik is vir die saligheid en dat alleen die doop van 'n Roomse biskop enige betekenis het. Uit die aard van die saak moes hierdie doop in die geheim geskied, hoofsaaklik gedurende die nag in die huis van die

ouers. Die situasie was so kritiek dat in 1606 feitlik geen kinders in Utrecht in Hervormde kerke gedoop is nie. Om hierdie situasie te voorkom is ouers beboet wat hulle kinders op hierdie wyse laat doop het. Klagtes in hierdie verband het egter bly voorkom tot in die agtiende eeu.

'n Ander wanpraktyk wat aan die orde van die dag was, was dat ouers hulle kinders, uit vrees dat hulle gou sou sterf, deur die vroedvrou, net na geboorte, laat doop het. Reeds in 1573 word op 'n sinode vasgestel dat so 'n doop nie erken behoort te word nie, want „het gaetdopen der kynderen van den vroedvrouwen geenszins een rechte doope en is ende daeromme voor den dienaeren geen swaricheyt en is alsulcke gedoopte kynderen rechtelyk te doopen" en voorts" „Wij hebben niet te twyijfelen aan de zaligheid van onze kinderen, ook al zouden ze ongedoopt komen te sterven, want God is zowel onzer kinderen God als onze ook voor de doop."[25]) Interessante gegewens t.o.v. die kerk se standpunt t.o.v. die sg. paapse doop en vroedvroudoop, tref ons aan in antwoorde wat op verskillende vrae gegee word op die sinode van Dordtrecht 1574: (8) Wat men met de Papen doen zal, die in't heimelyk doopen ende trouwen? Antwoord: Men zal zyn beste doen by de overheid der Plaatsen, om die te weren, ende zoo die daar niet toe doen, by de hooge overheid. Of men een kind, van een der vrouwen gedoopt, in der Kerken doopen zal? Antwoord: Ja overmits der vrouwen doopen geen Doop en is!![26])

Indien dit absluut noodsaaklik is dat die doop in die huis bedien moet word, is daaraan die gestalte van 'n volledige erediens gegee: „er werd eene predikatie gehouden, votum en zegen werden uitgesproken, en de diaken ging rond met het zakje. Want de doop behoorde bediend te worden in een openbare samekomst van de gemeente."[27])

Die Reformatore wou ten alle koste die gedagte weer dat die doop noodsaaklik sou wees vir die saligheid en het telkens ook beklemtoon dat die doop alleen ontvang kan word in relasie met die Woord van belofte. Van belang is ook die volgende bepalings van Dordt 1574: (58) Men zal den Doop niet aandienen, dan alleen in een openbare verzameling der Kerken, bij de verkondiginge des Goddelyken Woorts.

(59) In de Plaatsen daar zelden de Predikatien geschieden, en nochtans kinderen ten Doope gebragt worden, zal enen tyd geordineert worden, dat men de kinderen in de Kerke ten Doope brengen, ende men zal een teken met de klokke geven, om het Volk samen te roepen, ende een korte vermaninge voor den Doop doen.[28]) Uit hierdie bepalings blyk dat ons Gereformeerde vaders daarop gestaan het dat die doop alleen in 'n openbare erediens bedien sal word. Christus het tog immers, so redeneer hulle, doop en Woordverkondiging tegelyk aan sy dissipels opgedra.

Uit al die gegewens genoem kan die volgende basiese elemente as noodsaaklikheid vir die bediening van die doop gestel word: —

(1) Dit geskied in 'n openbare erediens.

(2) Die ouers en die gemeente moet aangaande die doop onderrig word en is doopkategese en 'n didaktiese formulier noodsaaklik.

(3) Alle elemente wat nie spreke van God en antwoord van die gemeente is nie, moet uit hierdie erediens geweer word.

C. **IN VERANTWOORDELIKHEID AAN DIE HEDE:**

Die vraag wat hier voorop staan, is die vraag of die doopdiens van die Ned. Herv. Kerk van Afrika tans 'n doopliturgie het wat verantwoord is t.o.v. die Skrifgegewens en die verstaan daarvan deur die kerk te alle tye. Basies moet bevestigend geantwoord word. Slegs enkele aspekte sal daarom bespreek word.

(a) Is prediking tydens 'n doopdiens nog noodsaaklik aangesien die doopformulier alreeds in 'n baie groot mate didakties van aard is? Calvyn en al die Reformatore het beide prediking en kategese 'n regmatige plek gegee tydens die doopbediening. Prediking en kategese is twee verskillende verkondigingsgestaltes wat mekaar nie vervang nie, maar aanvul en beide sal daarom gehandhaaf moet word tydens die bediening van die doop.

(b) Waar word die prediking geplaas, voor of na die bediening? In die vroeë Christelike kerk het die bediening voor die prediking plaasgevind. Die doop het eerste gekom ter beklemtoning van die feit dat die dopeling met sy doop in die gemeente ingelyf word. Die prediking na die doop kan ook ter aanduiding dien dat die een wat so pas gedoop is voortaan afgebaande terrein is vir die kerklike verkondiging. Op net sulke goeie gronde kan die prediking voor die doop bepleit word. Die prediking voor die doop dien as aanduiding dat die doop plaasvind op grond van God se genadige beloftes in sy Woord. Voorts kan die prediking voor die doop — dien as middel om die betekenis van die doop verder te verklaar en beklemtoon dat die sakrament van die doop nie self werkende krag aan die sakramente toeskryf nie, — om te voorkom dat die sakramente verhef word bo die prediking. Aangesien die sakramente dien tot bevestiging van die Woord en nie anders om nie, sal dit dalk beter wees om die prediking voor die doop te plaas.

(c) Aangesien die doop betekenis het vir die mens tydens sy ganse lewe[29]) en dit ook bedien word op grond van die gemeente se geloof moet die doopbediening so ingerig word dat die hele gemeente by die bediening betrek word. Daarom is die Raad vir belydenis en liturgiese geskrifte van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika se aanbeveling baie goed nl. dat die doopouers slegs met die vra van die vrae sal opstaan.

(d) Aangesien die doop op die hele gemeente betrekking het, sal dit goed wees as die aankondigingspreuk voor die lees van die formulier sal wees. „Die gemeente luister nou na formulier om die heilige doop aan die kindertjies van die gelowiges te bedien."

(e) Aangesien die handoplegging alreeds tydens die bediening plaasgevind het, moet die hande nie weer seënend tydens die sing van 'n psalm of gesang uitgestrek word nie.

(f) Alle persoonlike aansprake, gelukwensings en skud van hande na die bediening moet wegval.

(g) Dit is aan te beveel dat na die bediening Gesang 94:1, 2 en 3 vir die ouers en hulle kinders gesing word of miskien ook Ges. 155:3 en 6.

(h) „Huisdoop" moet sover as moontlik vermy word. Myns insiens moet artikel 82 van die bepalings tot die Kerkwet geskrap word en bepaal word dat dit alleen sal geskied as die kerkraad daartoe toestemming gee en dit bedien word in 'n volledige erediens, nadat vooraf aan die gemeente by wyse van afkondiging kennis gegee is.

(i) Aangesien die doop nie minder verkondigingsgestalte is as die prediking nie en aangesien sy betekenis ook nie meer of minder is as die prediking nie, is dit miskien nodig dat die doop meer as een keer per maand bedien sal word.

(j) Aangesien volwasse doop net so geregverdig is as kinderdoop, is dit aan te beveel dat volwassenes gedoop sal word met gebruikmaking van die formulier wat daarvoor bestem is.

(k) Sal dit nie beter wees as die doopformulier begin deur 'n beskrywing te gee van die instelling van die doop deur Jesus Christus nie? (In ooreenstemming met die nagmaalsformulier.)

## II. NAGMAAL EREDIENS

Net soos die doop is die nagmaal ook verkondigingsgestalte[30]) wat dien tot versterking van die geloof.[31]) Dit beteken nou nie dat die doop en die nagmaal twee identiese gebeure aan en in die liggaam van Christus is nie. „Elkeen van hierdie gebeure het sy eie realiteit en is sakrament-in-die besonder. Hiermee word nie bedoel dat die sakramente elkeen 'n ander deel van die genade bemiddel nie, maar wel dat elkeen op sy eie manier sy werking verrig."[32]) O. Cullmann formuleer die onderskeid soos volg: „Im Abendmahl wird der Leib Christi nicht durch neue Glieder vermehr, die „hinzugetan" werden (Apg. 2:41), sondern die bestehende Gemeinde wird als Leib Christi jedes mal neu gekräftigt . . ."[33])

Die grond van die nagmaal is net soos die doop geleë in Jesus Christus se heilsdade. Net soos by die doop kom die opdrag tot viering van die nagmaal van die Heer van die kerk self.[34]) Verskillende momente wat van belang is, kom in die instellingswoorde van die nagmaal na vore:

## 1. JESUS KONDIG AAN DAT SY DOOD OP HANDE IS (MATT. 26:24, MARK. 14:21 EN LUK. 22:15)

Terwyl Jesus saam met sy dissipels in die bovertrek is, kondig Hy aan dat een van hulle Hom sal verraai en dat Hy weldra sal sterwe. Na hierdie aankondiging stel Hy tydens die paasmaal die nagmaal in. Hiermee lê Hyself 'n verband tussen die pas ingestelde nagmaal en sy dood wat op hande is: „Uit hierdie instelling van die heilige nagmaal van ons Here Jesus Christus sien ons dat Hy ons geloof en vertroue wys op sy volkome offerande wat eenmaal aan die kruis plaasgevind het, as die enigste grond en fondament van ons saligheid, waar Hy vir ons hongerige en dorstige siele 'n waaragtige spys en drank van die ewige lewe geword het."[35])

Nie alleen staan die nagmaal i.v.m. die dood wat op hande was nie, maar ook i.v.m. die Paasfees.[36]) Soos die doop die vervulling van die besnydenis is, so die nagmaal die van die Paasfees. „De Joden vieren het paasfeest als een herinnering aan de uittocht uit Egypte; de verlossing en bevrijding uit de slavernij. Dezelfde maaltijd, gevierd op de vooravond van Jesus' gevangename, ontving nieuwe betekenis als verlossing en bevrijding uit de slavernij der zonde. Dit is de inhoud van het nieuwe verbond tussen God en mensen."[37])

## 2. DIT IS MY LIGGAAM ... DIT IS MY BLOED (MATT. 26:26 EN 28, MARK. 14:22 EN 24, LUK. 22:19 EN 1 KOR. 11:24 EN 25

Tydens die eerste nagmaal gee Jesus aan sy dissipels brood en wyn met die woorde, „Dit is my liggaam . . . dit is my bloed." Hoe moet hierdie woorde nou verstaan word?

Op hierdie vraag is daar verskillende antwoorde gegee:

(a) **Transubstansiasie — leer: —**
Die Roomse Kerk leer dat wanneer die priester die instellingswoorde noukeurig opsê, word die elemente van die nagmaal getransubstansieer. Dit beteken die substansie brood en wyn word volkome verander tot werklike liggaam en bloed van Jesus Christus. Deur die spreke van die priester is die liggaam en bloed van Jesus Christus substansieel teenwoordig op die altaar. Die konsekwensie is dat die reële liggaam en bloed van Jesus Christus tydens die nagmaal geëet en gedrink word. Hierdie opname van die elemente het dan weer die deïfikasie van die betrokkene tot gevolg.

(b) **Die Konsubstansiasie — leer: —**
Luther wou niks weet van die verandering van die elemente in werklike bloed en liggaam van Christus nie. Daar staan geskrywe „dit is" en „dit is" kan nooit „verander" beteken nie. Hy glo nie aan 'n verandering van die elemente nie, hoewel hy tog glo aan die reële teenwoordigheid van Christus in die nagmaal; teenwoordighied na sy liggaam. Hierdie teenwoor-

digheid is nie geleë in die feit dat die elemente verander word tot werklike liggaam en bloed van Christus nie, maar dat Christus konsubstansieel dit wil sê „in", ,onder" en „met" die elemente teenwoordig is. Golterman gee 'n noukeurige omskrywing van Luther se opvatting: „Zijn standpunt is een gemagtigd realisme; hij meent, dat Christus lichaam en bloed in, met en onder die stoffelijke elementen aanwezig zijn, zoals vuur het ijzer doorgloeit. Dit is de gehele Christus, zowel de menselijke als de goddelijke natuur, waarvan de eerste door de communicatio idiomatum aan de tweede deel gekregen heeft, zodat bv. de ruimtelijke alomtegenwoordigheid ook van de menselijke natuur geldt."[38])

(c) **Reformatoriese opvatting: —**

„Het gaat bij het duiden van de betekenis der elemente niet om de elementen self, maar om het ‚gebeuren'."[39]) Dit gaan nie soseer om liggaam en bloed nie, maar om dit wat Jesus Christus gedoen het, dit gaan om sy persoon, woord en werk en hiervan is liggaam en bloed die aanduiding. Calvyn sê die naam van die betekende saak word hier aan die teken self gegee.[40]) Die uitleg van Calvyn soos ons dit aantref in sy „Institutie" IV, 17, 20-25 kom basies ooreen met die noukeurige uiteensetting van die N.G.B. „Maar om die geestelike en hemelse lewe te onderhou, wat die gelowiges besit, het Hy aan hulle gestuur 'n lewende brood wat uit die hemel neergedaal het, naamlik Jesus Christus, wat die geestelike lewe van die gelowiges voed en onderhou, wanneer Hy geëet, d.w.s. toegeëien en ontvang word **in die gees deur die geloof...** Daarmee betuig Hy aan ons dat, so waaragtig as ons die sakrament ontvang en in ons hande dit hou en dit eet en drink met ons mond, waarmee ons lewe daarna onderhou word, net so waaragtig ons ook **deur die geloof,** wat die hand en mond van ons siel is, die **ware liggaam en bloed van Christus, ons enigste Saligmaker, in ons siele ontvang tot ons geestelike lewe.**"[41])

Enige vorm van transubstansiasie het die konsekwensie dat die nagmaal 'n voortsetting en herhaling van die kruisgebeure is: „Die römish-Katolische Messe hat ihre Mitte in der Wandlung und in der unblutigen Wiederholung des opfers Christi."[42]) Hierdie opvatting wys die Reformatore beslis af. Die heilswerk van Christus is ephapax.[43]) Dit kan dus nie herhaal word nie. Dit gaan in die nagmaal nie om die kruisgebeure wat herhaal word nie, maar hier-en-nou gaan dit om die heilsgebeure wat daar-en-toe op Golgota, klaar plaasgevind het.[44]) Ook die Roomse gedagte dat die nagmaal 'n offer sou wees, word afgewys. Nagel sê in hierdie verband, dat met Christus se eenmalige daad op Golgota die voorhangsel van die tempel volkome middeldeur geskeur het en dat die mens nie meer met sy dade 'n deurgang deur die voorhangsel deur hoef te soek

nie. Nie meer die mens se daad staan in die middelpunt nie maar God se eenmalige daad van liefde in Jesus Christus.[45])

Die konsubstansiasie — leer van Luther beteken vir die Reformatore die in gedrang kom van Jesus Christus se liggaamlike hemelvaart. As Christus liggaamlik teenwoordig is in die nagmaal beteken dit dat Hy nie liggaamlik opgevaar het nie.

Hoe Christus werklik teenwoordig is, sal ons sien in die volgende paragraaf.

## 3. DOEN DIT TOT MY GEDAGTENIS (ANAMNESE) 1 KOR. 11:24 EN LUK. 22:19

Soos reeds gesê, gaan dit in die nagmaal nie om liggaam en bloed nie maar om dit wat deur liggaam en bloed bewerk is. As Christus nou sê: „doen dit tot my gedagtenis", beteken dit dat dit wat deur Jesus Christus se persoon, woord en werk gedoen is, in gedagtenis geroep moet word. Dit kan nou verstaan word as 'n bloot terugdink aan dit wat eenmaal op Golgota plaasgevind het — 'n oorbrugging van die tyd met die denke. Die oorbrugging van die tyd hier-en-nou i.v.m. die daad van Christus daar-en-toe op Golgota is volgens Joh. 14:26 en 16:12-15 'n gebeure wat alleen moontlik is deur die werking van die Heilige Gees. Op grond hiervan kan ons sê die „anamnese" beteken dat die Heilige Gees die gebeure rondom Christus se persoon, werk en woord maak tot 'n gebeure wat hier-en-nou ook plaasgevind het vir my. „In de anamnese wordt het offer door Christus zelf ons vlak bij gebracht, het wordt nu present, nu tegenwoordig."[46]) Deur die Heilige Gees word die tyd tussen Christus se kruisiging en ons nagmaal oorbrug. Van hieruit is dit duidelik dat Christus wel teenwoordig is in die nagmaal maar nie na sy liggaam nie, na sy Gees.[47]) Hierdie is nie 'n skyn-teenwoordigheid nie maar 'n werklike teenwoordigheid. Omdat Hy werklik teenwoordig is na sy Godheid daarom is „die anamnese werklike ontmoeting tussen Jesus Christus en die ontvanger, as gawe Gods in die toepassing deur die Heilige Gees."[48]) Aangesien die werklike ontmoeting alleen kan plaasvind deur die Heilige Gees is dit nodig dat telkens by die nagmaal gebid sal word om die Heilige Gees. Hierdie gebed staan bekend as die „epiklese". Dit gaan hierom dat die Heilige Gees gevra sal word om waarlik ontmoeting te bewerk, om self die ontvangende orgaan te skep sodat die gemeente waarlik die liggaam en bloed van Jesus Christus sal ontvang in die geloof deur die werking van die Heilige Gees.

## 4. DIE NAGMAAL AS GEMEENSKAP

In 1 Kor. 10:14-22 stel Paulus dat die nagmaal 'n „koinonia" is met die liggaam en bloed van Jesus Christus. Soos reeds aangetoon, beteken dit dat die gelowiges in die nagmaal in gemeenskap

met Christus gestel word en deel kry aan sy heilsgoed, omdat Hyself met die nagmaal die geestelike lewe van sy gemeente voed en onderhou.

In vers 17 sê Paulus: „Omdat dit een brood is, is ons een liggaam" (hoi polloi hen soma). Met soma bedoel Paulus altyd die aardse liggaam, d.i. die gemeente van die hemelse Heer. Dit lyk daarom reg om saam met. O. Cullmann te verklaar: „Auch das Abendmahl ist ein Geschehen an Christi Leib."[49]) Dit beteken dat die gemeente deur die nagmaal telkens weer opnuut met mekaar in gemeenskap gestel word. P. J. Muller[50]) bring hierdie werklikheid soos volg onder woorde: „. . . het Avondmaal is het symbool van de vereeniging van de gelowigen in Christus". Die opdrag tot die viering van die nagmaal is aan die gemeente gerig en van daaruit gesien kan ons sê die opdrag hou implisiet in dat die gemeente telkens met die viering van die nagmaal, deur die gemeenskap met Jesus Christus, ook met mekaar in gemeenskap sal tree. Hierdie aspek sluit elke vorm van privaatgebruik van die nagmaal uit. Nagmaal is eers nagmaal as dit saam met die gemeente gevier word. In Matt. 26:27 staan direk: „Drink **almal** daaruit."

By hierdie woorde word vermeld dat hulle so dikwels as wat hulle daaruit drink die dood van Jesus Christus verkondig totdat Hy kom. Die „dikwels" beteken telkens as die geleentheid daar is. In die boek Handelinge word duidelik aan ons die plek, ruimte en hoeveelheid aangetoon, wat die nagmaal bedien is. Volgens Hand. 2:46 is die nagmaal daagliks gebruik. Die het geskied van huis tot huis. Dit beteken nou nie dat die nagmaal 'n privaatkarakter gekry het nie. Uit die aard van die saak was dit onmoontlik om hierdie geheel nuwe element van die Christelike godsdiens in die Joodse tempel te bedien. As dit by die huise geskied, is dit egter nog die gemeente wat dit vier — die „hulle" waarvan hier gepraat word is die 3 000, d.w.s. hulle wat so pas tot die gemeente toegevoeg is. Die nagmaal is ook nie bedien los van die ander verkondigingsgestaltes nie. Volgens vers 42 het dit plaasgevind saam met „die leer van die apostels, in die gemeenskap en in die gebede". Volgens Hand. 20:7 het die nagmaal in Troas plaasgevind op die „eerste dag van die week" (Sondag). Op hierdie eerste dag van die week word die nagmaal nie alleen bedien nie, nee in noue samehang daarmee het Paulus hulle toegespreek. Hierdie toespraak was nie 'n blote sedelike praatjie nie maar 'n homilia, 'n preek in die volle sin van die woord.

## 5. DIE NAGMAAL EN DIE EWIGE FEES

Die nagmaalsviering dra ook 'n eskatologiese tendens (Matt. 26:29 en 1 Kor. 11:26). Die gemeenskap met Christus en met mekaar sal volle realiteit bereik met die weerkoms van Jesus Christus. „. . . met 'n opgehefte hoof ons Here Jesus Christus uit die hemel

verwag, waar Hy ons sterflike liggame aan sy verheerlikte liggaam gelyk sal maak en ons by Hom sal neem in ewigheid." Die nagmaal is 'n skadubeeld van die toekomstige heerlikheid wat geopenbaar sal word. Op grond hiervan is die nagmaal 'n vreugdemaal en geen begrafnis nie. Dit word wel gevier op die slagveld, maar op 'n slagveld waar die oorwinning reeds behaal is.

### 6. ONWAARDIGE WYSE

Die nagmaal moet op 'n waardige wyse gevier word. Die onwaardige wyse is volgens 1 Kor. 10:14-22 die feit dat mense aan die nagmaaltafel toegelaat word wat in hulle alledaagse lewe gemeenskap met die duiwels beoefen, mense wat die volbragte werk van Jesus Christus in hulle lewens nie gestalte laat aanneem nie, mense wat leef asof Christus nie die oorwinning oor alle vyandige magte behaal het nie. Volgens 1 Kor. 11:20-34 is onwaardige wyse van die viering van die nagmaal ook as mense toegelaat word wat met allerlei ergerlike sondes besmet is. Die nagmaal is slegs vir die gelowiges ingestel. 'n Waardige wyse van die viering van die nagmaal is volgens die formulier as met die eet en die drink die liggaam van Christus onderskei word, d.w.s. as die sentrale betekenis van dit wat agter die nagmaal staan, geglo en geleef word.

### 7. NADAT HULLE DIE LOFSANG GESING HET (MATT. 26:30, MARK. 14:26)

Soos reeds vermeld is die nagmaal 'n vreugdemaal „omdat Hy vir ons hongerige en dorstige siele 'n waaragtige spys en drank geword het." Die „Te Deum laudamus", is daarom volkome gepas na die nagmaalsviering. Die Reformatore het dit daarom ook goed geag om die lofsang en danksegging na die viering te laat plaasvind in die vorm van 'n gebed, wat die beste vorm van danksegging is.[51]) Dit is die gemeente se antwoord op God se spreke en handelinge.

## B. IN VERANTWOORDELIKHEID AAN DIE VERLEDE

### (i) DIE VROEË CHRISTELIKE KERK

Opvallend van die viering van die nagmaal is dat dit geleidelik van 'n eenvoudige viering uitbrei tot 'n viering met soveel elemente in die Middeleeue, dat al die elemente nouliks verklaar kan word.

**Didache (Einde van die eerste eeu)**

Die nagmaal word elke Sondag gevier „Am Herrentage solt ihr zusammenkommen und das Brot brechen". Uit Hoofstuk 4:1 en 16:2 blyk dat naas die nagmaal die prediking 'n sentrale plek inneem.

Naas die breking van die brood, die uitdeling daarvan en die gee van die beker, behoort tot vaste bestanddeel van die nagmaal:

(a) **Die uitnodiging na die nagmaal**: „Kommen möge die Gnade und vergehen die Welt . . . Ist jemand heilig so trete er herzu, wenn einer er nicht ist, tue er buBe Maranatha.[53]) (Uit hierdie uitnodigingswoorde sien ons dat die nagmaal beskou is as 'n verkondigingsgestalte waardeur God sy genade aan die mens wil bemiddel en tweedens dat sonde by die teenwoordiges beteken nie wegbly van die nagmaal nie maar vra om bekering.) (b) **Voorgebed**: Hier word die gedagte van die „anamnese" soos ons dit by Paulus aantref sterk uitgebeeld. (c) **Dankgebed. . .**

**Brief van die heiden Plinius aan keiser Trajanus 111-113 n.C.**

Plinius as stadhouer van Bitinië gee berig aan keiser Trajanus van die sg. Christensekte in sy midde. Hy meld van hulle die volgende: Op 'n bepaalde dag, nl. Sondag kom hulle saam in erediens vir prediking; 'n lied word gesing wat volgens hom die eggo op die prediking is; daarna 'n kort pouse waarop die Nagmaal volg.

**Justinus Martyr ±140 n.C.[54])**

Sy berigte gee ons 'n beeld van die algemene toestand van al die Griekssprekende gemeentes van daardie tyd. Hy meld dat op Sondag almal uit die stad en die platteland op 'n bepaalde plek saamgekom het vir erediens. Die geskrifte van die profete en apostels word voorgelees solank die tyd dit toelaat. Die voorsitter hou 'n toespraak. Almal staan op vir 'n gebed. (Hierdie gebed was hoofsaaklik „Epiklese" gebed.) Brood, wyn en water word na die gebed binnegebring. Die insettingswoorde van die nagmaal word opgesê. Die brood, wyn en water word voor die voorsitter geplaas, wat dit aan almal uitdeel. 'n Dankgebed volg. Die diakens neem van die brood en wyn na hulle wat nie teenwoordig kan wees nie.

**Hippolytus[55])**

Hy is 'n Roomse presbiter wat leef aan die begin van die 3de eeu n.C. Hy is 'n leerling van Irenaeus. Van belang is sy „Apostoliese Oorleweringe", (apostoliky paradosis), 'n kerkordening wat put uit baie Oosterse bronne. Die nagmaal beskou hy as „Abbild (antitupos) des Leibes und des Blutes Christi". Hy gee 'n volledige gebed tydens die nagmaal waarin veral die gedagte van die „anamnese" en die „epiklese" sentraal staan. Die „anamnese" stel hy kom tot uitdrukking deur die gebruik van brood en wyn. Die ontvangs daarvan geskied met die woorde „Wann ihr dies tut, begeht ihr mein Gedächtnis". Die nagmaal sien hy dus nie as 'n offer wat gebring word nie, maar as 'n gedagtenismaal aan die lyde en die sterwe van Jesus Christus. By die nagmaal saam met die biskopwyding tref ons elemente aan wat later gelei het en steun gegee het aan die nagmaal as offer. Dit het ook gelei tot die besondere konsekrasie van die elemente soos ons dit aantref by die Roomse Kerk.

Terwyl daar gebid word, lê die presbiters en die diakens hande op die betrokkenes wat bevestig word en op die brood en die wyn wat daarna uitgedeel word. Geleidelik het die epiklese by hierdie geleentheid geword tot „Konsekrationsmoment". By hom lees ons nie van Woordverkondiging nie.

**Tertulianus ±220 n.C.[56])**

T.o.v. die Sondag-erediens tref ons die volgende elemente by hom aan: Verskillende gedeeltes word uit die Skrif gelees, psalmgesang, prediking, voorbiddingsgebed en die vredeskus. Elke Sondag tydens die erediens is die nagmaal gevier. Die nagmaalliturgie was soos volg: Trishagion word opgesê, instellingswoorde, Ons Vader en viering.

**Cyprianus van Cartago ±246 n.C.[57])**

Die nagmaal beskou hy as werklike offer „unsere Darbringung des Blutes Christi". Hy wil dat die nagmaal daagliks gevier word. Op Sondag moet tydens die nagmaalerediens gelees word uit die „Gotlichen Wortes" en die „Evangelium Christi verkundet" word.

**Origines ±250 n.C.[58])**

Woord en sakrament sê hy staan gelyk aan mekaar. Hy volg die volgende liturgie: Skriflesing, prediking, voorbidding, vredeskus en nagmaal.

Die nagmaalsviering het geleidelik sy tendens van 'n eenvoudige maal verloor. Die tafel is vervang met die altaar. Die „epiklese" word tot konsekrasiemoment. Duidelike spore hiervan tref ons aan in die Gallikaanse mis en die mis van die Oos-Ortodokse Kerk, soos dit van die vroegste tyd af voortbestaan tot vandag toe.

**Gallikaanse mis ±700 n.C.[59])**

Persone wat groot invloed uitgeoefen het t.o.v. die ontstaan van die Gallikaanse mis is Gregor van Tours ±594, Caisarius van Arles ±542 en Isidor van Swilla ±700 n.C.

Die Sondagerediens het soos volg verloop: „Antiphon" gesang wat die binnetreding van die clerus begelei — Die „Salutatio" van die biskop — „Kyrie eleison" wat deur drie seuns gesing word — Skriflesing uit die Briewe, Evangelies en Profete — sang deur gemeente of koor — na 'n lang proses word die evangelieboek op die altaar geplaas — prediking — gebed — kategumene word weggestuur.

Die nagmaal begin met 'n proses waar die gemeente onder psalmgesang die offergawes op die altaar plaas. Die „Trishagion" word gebid — name van die wat gawes gebring het word afgelees — vredeskus — broodbreking deur die clerus terwyl hulle sing — kommunie — apostolicum en dankgebed.

**Die Grieks Ortodokse godsdiens[60])**

Vandag nog geld as moeder van alle Grieks Ortokodse kerke die „Hagia Sophia" in Konstantinopel. Die gebou is so ingerig dat deur die gebou self uitgebeeld word dat hemel en aarde mekaar hier ontmoet. As sentrale dien die „Ikonestase" wat die grens is tussen hemel en aarde. Daar vind die „Mysterium" sy voltooiing en voer die kommunikante na die hemel.

**Die verloop van die liturgie**

Die liturgie neem in aanvang met die môregebed. Dit is 'n „prosessie" van die ampsdraers met die oog op die erediens wat gaan volg. Die ampsdraers betree die kerk met gebede en begroeting van die Christusbeeld. Na 'n gebed om krag vir dit uitvoering van die offer betree die priester die altaarruimte, kus die altaar en was die hande. Die elemente op die altaar word dan voorberei. A.g.v. hierdie voorbereiding „soll die ganze Kirche, die triumphierende im Himmel wie die streitende auf Erden, um ihren Herrn versammelt, zur Darstellung kommen". Deur drie maal die kruisteken oor die elemente te maak en deur baie gebede maak die priester „dies Brot zum kostbaren Leib deines Christi". Alle lewendes en dooies word dan in 'n gebed herdenk. Deur die konsekrasie het Christus teenwoordig geword en is dit juis van pas om hier waar Hy teenwoordig is hulle aan Hom op te dra. Die brood en die wyn word dan uitgedeel met die woorde „Die kosbare en heilige liggaam en bloed ontvang u tot vergewing van al u sondes en die ewige lewe". Nadat die elemente op die altaar teruggeplaas is, bid die diakens „hymnus" wat op die opstanding betrekking het. Gedurende die hele proses bly die heilige deure oop. Die gedagte is dat God langs hierdie geopende weg tot die gemeente kom. Na die nagmaalviering word die deure gesluit en die voorhangsel voor die altaar toegetrek. Priesters en diakens bid in stilte.

Die prediking neem hier geen plek in nie. Prediking word as oorbodig geag aangesien daar tydens die verskillende gebede en prosesse baie woorde uit die Skrif aangehaal word. Die nagmaal en sy liturgie sê hulle bemiddel die heil. Deur die liturgie rondom die altaar word die hele heilsgeskiedenis van die skepping tot die weerkoms van Christus uitgebeeld met die inskakeling van die teenwoordige kommunikante te midde van hierdie heilsgeskiedenis. Hier word hulle wat teenwoordig is in hierdie heilsgeskiedenis opgeneem. Ons tref by hulle 'n kerklike jaar aan wat deur verskillende vorme van die nagmaal uitgebeeld word.

**Die Roomse mis[61])**

1. **Die ontwikkeling van die Roomse mis:**

In die 4de eeu het die liturgie in die Roomse Kerk ongeveer soos volg daaruit gesien: Skriflesing — prediking — voorbiddings-

gebed vir almal — gereedmaking van brood en wyn — groot dankgebed met amen deur gemeente — uitdeling van die elemente.

In die 2de helfte van die 4de eeu word die Griekse taal in die erediens vervang met Latyn. Vaste gebedsvorme en uitsprake word in die tyd in „Rollenbucheren" vasgelê, wat tydens die erediens gebruik moet word. In die 13de eeu is al die uitsprake van die „Rollenbucheren" en ander uitsprake saamgevat in die „Plenarmissale".

2. **Die eienaardige van die Rooms-Frankiese mis:**

Die oorspronklike nugterheid en kort vorme van die Roomse liturgie is negatief beïnvloed vanaf Franse bodem. Kenmerkend het a.g.v. hierdie beïnvloeding geword: Woorderykdom, lang en telkens herhaalde gebede, dramatiese vorme en talryke simboliese handelinge. Deur die handhawing van die Latynse taal as hoogste kultuurvorm word die mis-liturgie tot private besit van die geestelikes. Daar die gemeente tog nie verstaan wat gebid en gesê word nie, word die handelinge rondom die altaar geleidelik tot 'n swygende handelende proses deur die clerus. In die 9de eeu kom die teologie van die reële teenwoordigheid van Christus in die mis sterk na vore.

3. **Die weg tot eenvormigheid van die Roomse mis:**

Sedert die 8ste eeu is daar getrag om tot 'n eenheid te kom t.o.v. die liturgie. Van groot betekenis is dat die Angelsaksiese Bonifatius ±754 in hierdie tyd die Roomse mis in sy gebied ingevoer het. Deur sy invloed het die Roomse mis ook oorgegaan na Frankryk. Sy algemene stelling was dat die visies van die heilige stad van Petrus algemeen geldend behoort te wees. Vanweë sy invloed het die mis in die Angelsaksiese en die Gallikaanse wêreld 'n besondere vorm aangeneem om in die 10de eeu weer na Rome terug te keer. Nieteenstaande al die pogings om tot 'n liturgiese eenheid te kan kom, is die ideaal nie verwesenlik nie. 'n Wye variasie het nog voorgekom van kerk tot kerk selfs van een mis in 'n bepaalde kerk tot 'n volgende mis in dieselfde kerk. Vanweë die Bedelmonikke het die Gallikaanse mis-tipe geleidelik tot die algemene geword onder die naam van „Missale Romanum".

Dogmaties word gestel dat in elke deel van gewyde elemente die hele Christus reëel teenwoordig is. Dit bring mee dat allerlei elemente ingevoer word wat die teenwoordigheid van Christus by die altaar aanskoubaar maak.

Veral die Konsilie van Trente 1562 het hom beywer vir die eenheid van die misvorme. Volgens die definisie van die Konsilie is die mis 'n lof-, dank- en gebedoffer maar aan die ander kant 'n Godgegewe versoeningsoffer. Dit herhaal nie alleen die offer van Christus nie maar bewerk ook die vrugte van hierdie offer.

Pous Pius V voer deur 'n wet in 1570 die „Missale Romanum ex decretoss concilii Tridentim restitum" in as algemene gebruik,

vorm en visie van die Roomse Kerk t.o.v. die mis. Aan hierdie missale sê hy mag niks meer verander word nie. Hierdie vorm en visie het vasgestaan sonder bevraagtekening. Eers in die 19de eeu het die liturgiese beweging ook van die kant van Rome nuwe bespiegelinge na vore gebring.

4. **Die huidige gestalte van die Roomse mis:**

(a) **Algemeen:** — Sedert 1215 geld die reël dat indien 'n Roomse lidmaat hom nie wil skuldig maak aan sonde in die grofste vorm nie, moet hy ten minste elke Sondag en feesdag 'n misliturgie aanhoor en ten minste eenmaal per jaar kommunikeer. Voorts moet elke priester elke dag of ten minste elke Sondag en feesdag die heilige offer laat plaasvind.

(b) **Die voorbereiding:** — Vir die clerus bestaan daar 'n vaste vorm van voorbereiding voor die mis. Onder verskillende gebede word die gewade aangetrek. Die clerus beweeg tot by die trap van die altaar waar die „trapgebed" plaasvind. Daarna die wisselgebed uit Ps. 43 en sluit af met die Gloria Patri uit Openb. 6:1. By die altaar aangekom word 'n privaat boetegebed gebid, daarna weer 'n psalmgebed. Die priester groet dan die gemeente met die woorde „Die Here is met julle." Die „Aufer nobis" word gebid en die altaar gesoen.

(c) **Die voormis of introitus:** — Hier tref ons verskillende momente aan.

(i) 'n Hele psalm word gesing, meestal deur die koor. Die psalm wissel volgens die kerklike jaar.

(ii) Die priester bid die „Kyrie Eleison" (Here ontferm U oor ons).

(iii) Dan spreek die priester 'n doksologie die „Laudamus te" uit.

(iv) Hierna volg die kollekte-gebed deur die priester. Hierdie gebed se doel is om die inhoud van elkeen se gebede, wat in sy hart opgesluit lê, voor die aangesig van God te bring.

(v) Hierop volg die leergodsdiens. Dit bestaan uit: —

(a) Skriflesing, meestal uit die briewe van Paulus. Dit geskied deur 'n subdiaken, dikwels in resiterende vorm.

(b) Tussen die verskillende dele wat gelees word, word gesing meestal deur die koor.

(c) Die evangelielesing kan gevolg word deur 'n preek.

In die ou kerk was die prediking slegs die voorreg van die episkopos. (Sedert 529 het alle presbiters hierdie reg verkry). Op die Sinode van Trente is die prediking wel verpligtend gemaak op elke Sondag maar hierdie besluit word hoegenaamd nie algemeen deurgevoer nie. Die prediking dien hoofsaaklik as 'n soort inleiding tot die mis.

Die voormis sluit met die Credo nl. die Niceanum. Oorspronklik is dit deur die priesters voorgesê en deur die volk gesing. Vandag het die koor die gemeente ook hier vervang. Hulle hoor dit slegs staande aan.

Uit bg. blyk dat die hele erediens hoofsaaklik deur die clerus en die koor uitgevoer word. Die gemeente is slegs passief toekykende toeskouers.

(d) **Die offermis:** — Die offermis begin met die offertorium. D.i. die verskynsel dat die volk hulle offers na die altaar bring. Deur hierdie daad word hulle offers met die offer van Christus verenig. Die offer word na vore gebring onder psalmgesang wat wissel tussen die gemeente en die priester. (Die gelowiges bring brood, wyn, olie, kerse en ander gawes. Sedert die 11de eeu hoofsaaklik geld.) Nadat die gemeente die gawes voor neergeplaas het, dra die subdiakens dit na die altaar. Deur hierdie offers word die eenheid van die gelowige volk met Christus teenwoordig gemaak.

(i) Nadat die gawes by die altaar geplaas is vind verskillende gebede en handelinge deur die priesters plaas wat die sg. drie misteries bevat:

(a) Die verandering van die elemente in die vlees en bloed van Christus,

(b) die teenwoordigmaking van Christus op die altaar,

(c) die vernuwing van sy verlossingsoffer. M.a.w. deur die daad wat volk en priester gedoen het, word Christus hier en nou a.g.v. hulle dade aktief gemaak.

(ii) Hierna volg die woorde van Christus waar Hy beveel het om die nagmaal tot sy gedagtenis (anamnese )te vier. Hierdeur gedenk „die Kirche der groBen Heilstaten Christi und **bring ihr opfer dar,** das nur aus sienen Gaben genommen werden kann", d.w.s. volgens hulle beteken die „anamnese" die opnuut „present making" van Christus se eenmalige offer.

(iii) Die hostie word gebruik, stille gebede volg. Eers kommunikeer die clerus en dan word ook van die gawes aan die teenwoordiges uitgereik, terwyl hulle sê „Here ek is nie werd . . ." Matt. 8:8.

(iv) Na die kommunikering word beker en vingerpunte onder gebede gereinig. Die slotsang en slotgebed volg. Opvallend is dat nadat die seën uitgespreek is nog 'n evangelielesing plaasvind.

Die Roomse mis openbaar hom nie net in een gestalte nie. Dit wissel hoofsaaklik volgens die kerklike jaar. Vir elke besondere geleentheid word 'n besondere mis gevier. So bv. bestaan daar selfs 'n besondere „mis" ter gedagtenis van die gestorwenes.

## DIE REFORMASIE

Die volstrek nuwe van **Luther** is nie soseer die feit dat hy verandering in die vorm van die godsdiens na vore gebring het nie, maar wel ander betekenis.

Hy lewer die volgende punte van kritiek teen die bestaande Roomse mis:

1. Die godsdiens is primêr „opera Dei" en nie werk van die mens nie. Die Roomse Kerk keer die volgorde om en sien die mis as „Sacrificium, opus bonum et meritum". Daarom stel hy in 1520 dat alles wat in die mis na offer en werkgeregtigheid lyk, verwyder moet word.

2. Hier word God se gawes primêr ontvang en daarom is die aanskoue van die gemeente nie so belangrik as die feit dat die gemeente self ontvang nie. Met alle „Schoumesse" wil hy daarom wegdoen.

3. Die genadewerking van God deur die sakramente moet deur die gemeente verneem word en daarom bepleit hy prediking tydens die misviering. Die prediking is per slot van sake die grootste en belangrikste in die erediens van die gemeente. „Alles Gottis dienstes das grössits und furnempst stuck ist, Gottis wort predigen und lernen."[62])

4. Op die genadewerking van God moet die gemeente antwoord. Die antwoord is aktief en nie passief nie. Hy lê daarom klem op die hoorbare gebed van die prediker ten behoewe van die gemeente en hoorbare sang deur die gemeente self.

### Die eerste nuwe gestaltes van die mis:

Die eerste belangrike wending is die feit dat die taal wat in die erediens gebruik word nie meer Latyns is nie, maar Duits. Oral waar nuwe vorme na vore gekom het, is getrag om die offergedagte opsy te skuif. Feitlik by elke mis het daar hoorbare voorsê van die instellingswoorde weerklink en het die prediking 'n vaste bestanddeel geword. Die oudste „Mußformular" in Duits is die van Kasper Kantz 1522. Sedert 1523 het Luther se visie oral inslag gevind en kom nuwe vorme na vore. In 1523 stel Luther self sy „Von ordenung Gottes diensts" daar. Dit gaan uit van die misbruike in die heersende mis. Hy eis dat alle stukke wat bots met die evangelie weggeneem moet word en verban privaat misse, dodemisse, en die middelaarskap van die priester. In dié jaar het Thomas Müntzer in

Thübingen ook sy „Deutsche Evangelische Messe" ingevoer. Hy sluit baie nou aan by die bestaande Roomse vorme. Al wat nuut is by hom is die ander inhoud wat hy gee en die deurgaans Duitse spraakgebruik.

In 1524 word die „Wormse Messe" ingevoer. Al verskil met die „Formula Missae" is die feit dat ons hier ook 'n voorbereiding aantref waartydens gepreek word.

In 1526 stel Luther sy „Deutsche Messe" daar. Hy verander die nagmaal van offer tot feesmaal van die gemeente. Die konsekrasie geskied nie deur allerlei handelinge nie maar deur die prediking self. Die „anamnese" sowel as die kruisoffer word nie herhaal nie, maar is in die gebruik self ingeslote. Volgens die „deutsche Messe" verloop die erediens soos volg:

(a) Introitus in die vorm van 'n geestelike lied of Duitse psalm.
(b) Driemalige Kyrie Eleison.
(c) Skriflesing.
(d) Die credo (wat gewoonlik gesing is).
(e) Sang.
(f) Prediking.
(g) Ons Vader.
(h) Vermaning aan hulle wat die nagmaal gaan geniet.
(i) Instellingswoorde volgens 1 Kor. 11:23.
(j) Vermaning om die nagmaal tot Christus se „anamnese" te ontvang.
(k) Uitdeling (eers mans dan vrouens) waartydens gesing is.
(l) Dankgebed.
(m) Aäronitiese seën.

**Calvyn:**

In 1535 het Farel die daaglikse mis afgeskaf en dit vervang met daaglikse prediking. In 1542 vestig Calvyn hom in die Geneefse gemeente waar Farel reeds 'n tyd lank die Gereformeerde godsdiens beoefen het. Calvyn sluit nie aan by die erediensvorme van Farel nie maar by die vorme wat hy reeds ingevoer het te Straatsburg. Dit blyk dat nie soseer Farel maar Buser 'n groot invloed op Calvyn uitgeoefen het. Calvyn se liturgiese arbeid tref ons hoofsaaklik aan in sy „La forme des prieres".

Calvyn[63]) in teenstelling met Zwingli wou 'n maandelikse of selfs 'n weeklikse nagmaal hou. Maar vanweë praktiese redes moes hy dit noodwendig tot slegs vier keer per jaar beperk.

Vir die Sondagerediens het hy 'n vaste orde daar gestel: Adjutorum — sondebelydenis met vryspraak — (die wet van die Here gesing) — psalmgesang — gebed (meestal Ons Vader) — Skriflesing — prediking. As die nagmaal bedien word, kom nog die volgende elemente by: Insameling van die gawes — intersessiegebed — geloofsbelydenis (gewoonlik gesing terwyl die tafel ge-

reedgemaak word) — instellingswoorde — formulier — breking van brood — kommunie met brood en wyn — dankgebed — Nune dimittis — seën.

Aanvanklik wou Calvyn dat die gemeente knielend sou kommunikeer. Later, in nouer aansluiting by die Nuwe Testamentiese viering, het hy besluit dat die gemeente rondom 'n tafel sou sit.

**Zwingli 1484-1531:[64])**

Vir hom is die nagmaal nie soos by Luther 'n genademiddel nie. Ook geen offer soos Rome beweer nie. Dit is slegs 'n gedagtenismaal aan die eenmalige offer van Christus en daarby 'n daad van belydenis deur die gemeente. Die nagmaal vind by hom slegs vier maal per jaar plaas. Die voorganger staan agter die tafel saam met twee diakens en berei die elemente voor. Mans en vrouens geskei van mekaar bly in hulle banke sit en die brood en wyn word deur die diakens van die een na die ander gebring. Tydens nagmaalgeleenthede het Zwingli gewoonlik nie gepreek nie. Die nagmaal verloop soos volg: Gebed vir regte viering — Skriflesing uit Joh. 6:47-63 — *Apostolicum* — *Ons Vader* — *instellingswoorde* vlg. 1 Kor. 11:23-26 — kommunie — dankseggingsgebed uit Ps. 113:1-9 — votum met amen deur die gemeente.

**Johannes a Lasco:[65])**

Op 'n Sondag, veertien dae voor die nagmaal, het hy 'n voorbereidingsdiens gehou. 'n Dag voor die nagmaal moes die predikant en ouderlinge vergader om te besluit wie van die nagmaal geweer moet word.

Die tafel word tydens die nagmaal so geplaas dat dit deur almal gesien kan word. In die middel van die tafel staan vier glasbekers (vitra) rondom drie metaal skottels (lances stanneas). In die een skottel is die brood, die ander word gebruik vir die uitdeling (dieselfde geld van die wyn). Voordat die gemeente aan die tafel gaan, word 'n preek gehou wat uitloop op 'n gebed. Die instellingswoorde word gelees waaraan 'n vermaning tot die regte viering vasgeknoop word. Die predikant gaan staan nou in die middel van die tafel en rig die woorde van 1 Kor. 5:7 e.v. aan die gemeente. Die gemeente word opgeroep om te kom aansit. Die brood word gebreek en uitgedeel met die woorde „Die brood wat ons breek . . ." Die wyn word uitgegooi en uitgegee met die woorde „Die wyn wat ons drink is die gemeenskap . . ." So vind een na die ander tafel plaas. Met die wisseling van die tafels word gelees uit Joh. 6 en die afskeidswoorde van Jesus Christus.

Eers kommunikeer die mans en dan die vrouens. Na die bediening gaan die dienaar na die kansel terug en spreek woorde tot versterking van die geloof waarop die danksegging volg. 'n Psalm

word gesing, die armes word aanbeveel en die seën word uitgespreek. By die deure ontvang die diakens die gawes vir die armes.

T.o.v. die nagmaalsviering in Holland teen die jaar ±1900, kan ons slegs op die volgende wys: (a) 'n Voorbereidingsdiens vind 'n week voor die nagmaal plaas; (b) die tafels wissel terwyl daar gesing word; (c) tydens die ontvangs van die elemente vind 'n kort prediking plaas; (d) nagmaal kan alleen buite die kerkgebou bedien word indien daar 'n volledige erediens plaasvind.

## C. IN VERANTWOORDELIKHEID AAN DIE HEDE

Net soos in die geval van die doop kan gesê word dat die nagmaalerediens van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika basies in ooreenstemming is met die Skriftuurlike gegewens en in verantwoordelikheid is t.o.v. die verlede. Graag sal ons net 'n paar kort opmerkings maak ter oorweging:

1. Die werklike bedoeling van die voorbereidingsdiens is kategeties van aard, d.w.s. om die lidmate die regte betekenis van die nagmaal in te skerp, daarnaas is dit gesien as 'n diens wat plaasgevind het t.w.v. die regte opsig oor die gemeente. Aangesien e.g. tot uitdrukking kom deur die nagmaalformulier self en die tweede aspek vervul word deur die ouderling van die wyk, lyk dit of die voorbereidingsdiens oorbodig is en die handhawing daarvan die indruk skep dat ons steeds die gedagte toegedaan is dat dit wat lê rondom die sakramente belangriker is as die prediking. Vind die werklkie voorbereiding tot die nagmaal nie voldoende plaas as die gemeente Sondag vir Sondag staan onder die gepredikte Woord nie? Indien die voorbereidingsdiens gehandhaaf moet word, kan dit sonder enige besware die vorige Sondag gehou word. (Dieselfde geld van die dankseggingsdiens).

2. Aangesien die Skrifgegewens getuig en die Reformatoriese begeerte was, dat die nagmaal meer dikwels gevier sal word, sal ons ook ernstig aandag moet gee aan meer bediening. As die nagmaal maandeliks gevier word, sal elke lidmaat ook in die industriële gebiede, afgesien van skofwerk, voldoende geleentheid kry om aan die nagmaal deel te neem.

3. Bg. eis bring noodwendig mee (a) dat die formulier verkort moet word en (b) dat die kerkgeboue in die toekoms so beplan sal moet word dat die hele gemeente met twee of drie tafels bedien kan word.

4. Oorweeg moet word of die diakens, wie se amp aanvanklik die bediening by die tafels was, nie meer aktief betrek moet word nie.

5. Prediking voor die bediening sal altyd noodsaaklik bly aangesien Woord en sakrament altyd saam gaan.

6. Danksegging geskied die beste in die vorm van 'n gebed. Dit lyk daarom meer korrek dat met die danksegging en die dankgebed na die bediening die mans sal staan en die vrouens bly sit en nie albei staan soos dikwels gebeur nie. Of laat ons dit liewers so stel: Dat die gemeente hier sal handel soos hulle normaalweg handel tydens die gebed.

7. Nagmaal tuis moet alleen geskied in die vorm van 'n volledige erediens.

### AANHALINGS EN LITERATUUR VERWYSINGS


1. J. I. de Wet, Praktiese Teologie Diktaatlesings 1964. Sien ook O. Haendler, Grundtiss der Praktischen Theologie, Alfred Töpelmann, Berlin, 1957, bl. 159.
2. J. I. de Wet, Diktaatlesings 1964.
3. W. F. Golterman, Liturgiek, Haarlem de Erven F. Bohn N.V., 1951, bl. 70.
4. J. H. Waszink, W. C. van Unnik en C. H. de Blus, Het oudste Christendom en die Antieke kultuur, Tjeenk Willink — Haarlem, 1951, bl. 354.
5. Luther, soos aangehaal deur W .F. Golterman, Liturgiek, a.w., bl. 103.
6. Johannes Calvijn, Institutie vertaald door dr. A. Sizoo, Naamlose Vennootskap W. D. Meinema — Delft IV, 14, 4, bl. 317.
7. G. de Ru, De Kinderdoop en Het Nieuwe Testament, Tweede Druk, H. Veenman en Zonen N.V. — Wageningen 1964, bl. 34.
8. J. I. de Wet, Die Kerklike Verkondiging in die Huidige Tydsewrig, Pretoria 1961, bl. 61.
9. Heidelbergse Kategismus Vrg. en antw. 69, Kerkboek, bl. 471.
10. Doopformulier, Kerkboek, bl. 132.
11. Doopformulier, Kerkboek bl. 133.
12. J. I. de Wet, Die Kerklike Verkondiging in die Huidige Tydsewrig, bl. 76.
13. Heidelbergse Kategismus, Vrg. en antw. 72. Sien ook Matt. 3:11, 1 Pet. 3:21, Ef. 5:26 en 1 Joh. 1:7.
14. Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 34, Kerkboek, bl. 23.
15. J. I. de Wet, Kerklike Verkondiging . . . , a.w., bl. 73.
16. J. I. de Wet, Kerklike Verkondiging . . . , a.w., bl. 79.
17. W. F. Golterman, Liturgiek, a.w., bl. 103.
18. Johannes Calvijn, Institutie, a.w., IV, 16, 20-22.
19. J. I. de Wet, Kerklike Verkondiging . . . , a.w., bl. 78.
20. L. Fendt, Einführang in die Liturgiewissenschaft, Alfred Töpelmann, Berlin, W35, 1958, bl. 15.
21. A. F. N. Lekkerkerker, Gij Zijt Gedoopt, Bosch en Keuring N.V. Baarn 1963, bl. 23.
22. Luther, soos aangehaal deur D. W. Nagel, Geschichte des Christlichen Gottesdienstes, Walter de Gruyter, Berlin 1962, bl. 119.
23. A. F. N. Lekkerkerker, Gij Zijt Gedoopt, a.w., bl. 40.
24. Calvijn, soos aangehaal deur A. F. N. Lekkerkerker, a.w., bl. 41.
25. A. F. N. Lekkerkerker, Gij Zijt Gedoopt, a.w., bl. 59.
26. H. J. Olthuis, soos aangehaal deur A. F. N. Lekkerkerker, Gij Zijt Gedoopt, a.w., bl. 60.
27. A. F. N. Lekkerkerker, Gij Zijt Gedoopt, a.w., bl. 61.
28. A. F. N. Lekkerkerker, Gij Zijt Gedoopt, a.w., bl. 62.
29. Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 34, Kerkboek, bl. 23.
30. J. I. de Wet, Die Kerklike Verkondiging . . . , a.w., bl. 100.
31. Kort Begrip, Vraag en antwoord 50, bl. 63.
32. J. I. de Wet, Die Kerklike Verkondiging . . . , a.w., bl. 93.
33. O. Cullmann, Tauflekre des Neuen Testaments, soos aangehaal J. I. de Wet, Die Kerklike Verkondiging . . . , a.w., bl. 94.
34. Matt. 26:20-30, Lk. 22:7-23, Mk. 14:12-26 en 1 Kor. 11:23-29.
35. Nagmaal Formulier, Kerkboek, bl. 148.
36. Matt. 28:18, Mark 14:12 en Lk. 22:7.
37. W. F. Golterman, Liturgiek, a.w., bl. 115.
38. W. F. Golterman, Liturgiek, a.w., bl. 118.
39. W. F. Golterman, Liturgiek, a.w., bl. 115.
40. J. Calvijn, Institutie, a.w., II, 17, 21.
41. Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 35, Kerkboek bl. 25. Sien ook Heidelbergse Kategismus vrae en antwoorde 78 en 79

42. O. Haendler, Grundriss Der Praktischen Theologie, a.w., bl. 180.
43. Rom. 16:10 en Hebr. 9:12.
44. J. I. de Wet, Die Kerklike Verkondiging . . . , a.w., bl. 89.
45. D. W. Nagel, Geschichte Des Christhischen Gottesdientes, a.w., bl. 9.
46. W. F. Golterman, Liturgiek, a.w., bl. 122.
47. Heidelbergse Kategismus, vrae en antwoorde 47 en 48, Kerkboek, bl. 42.
48. J. I. de Wet, Die Kerklike Verkondiging . . . , a.w., bl. 91.
49. O. Cullman, Die Tauflekre des N.T., soos aangehaal J. I. de Wet, Die Kerklike Verkondiging . . . , a.w., bl. 93.
50. P. J. Muller, Handboek en Dogmatiek, Gronigen by J. Wolters, 1895, bl. 254.
51. J. I. de Wet, Kerklike Verkondiging . . . , a.w., bl. 99.
52. D. W. Nagel, Geschichte . . . , a.w., bl. 23.
53. D. W. Nagel, Geschichte . . . , a.w., bl. 22.
54. L. Fendt, Einführung . . ., a.w., bl. 34 en D. W. Nagel, Geschichte, a.w., bl. 31.
55. L. Fendt, Einführung . . . , a.w., bl. 34.
56. L. Fendt, Einführung . . . , a.w., bl. 33 en D. W. Nagel, Geschichte, bl. 34.
57. D. W. Nagel, Geschichte . . . , a.w., bl. 34.
58. D. W. Nagel, Geschichte . . . , a.w., bl. 34.
59. D. W. Nagel, Geschichte . . . , a.w., bl. 36.
60. D. W. Nagel, Geschichte . . . , a.w., bl. 54-60.
61. D. W. Nagel, Geschichte . . . , a.w., bl. 76-106 en L. Fendt, Einführung . . . , a.w., bl. 128-189.
62. Luther, WA. 19:78, soos aangehaal D. W. Nagel, Geschichte . . . , a.w., bl. 128.
63. J. I. de Wet, Diktaatlesings 1964, en D. W. Nagel, Geschichte . . . , a.w., bl. 128.
64. D. W. Nagel, Geschichte . . . , a.w., bl. 123.
65. E. Chr. Achelis, Praktische Theologie, Voor Nederland Bewerkt door L. W. Bakhuizen van den Brink, Kemink en Zoon over den Dom te Utrecht, bl. 135.